DIE SKEPPINGSVERHAAL
(Genesis 1: 1 tot 2: 4)

1.1 TEKS:

God se skeppingswerk

[1]In die begin het God die hemel en die aarde geskep. [2]Die aarde was heeltemal onbewoonbaar, dit was donker op die diep waters, maar die Gees van God het oor die waters gesweef.

[3]Toe het God gesê: “Laat daar lig wees!” En daar was lig.

[4]God het gesien die lig is goed, en Hy het die lig en die donker van mekaar geskei. [5]God het die lig toe “dag” genoem, en die donker het Hy “nag” genoem. Dit het aand geword en dit het môre geword. Dit was die eerste dag.

[6]Toe het God gesê: “Laat daar 'n gewelf wees tussen die waters om die waters van mekaar te skei.” [7]So het dit gebeur. God het die gewelf gemaak en die waters onder die gewelf geskei van die waters bo die gewelf. [8]God het die gewelf “hemel” genoem. Dit het aand geword en dit het môre geword. Dit was die tweede dag. [9]Toe het God gesê: “Laat die waters onder die hemel op een plek bymekaarkom sodat die droë grond sigbaar word.” So het dit gebeur. [10]God het die droë grond “aarde” genoem, en die waters wat bymekaargekom het, het Hy “see” genoem. En God het gesien dit is goed.

[11]Toe het God gesê: “Laat daar uit die aarde groenigheid voortkom, groen plante wat saad gee en vrugtebome op die aarde, wat elkeen na sy aard vrugte dra en waarvan die saad in sy vrug sit.” So het dit gebeur. [12]Die aarde het groen plante laat uitspruit wat elkeen na sy aard saad gee, en bome wat vrugte dra met die saad daarin, elkeen na sy aard. En God het gesien dit is goed. [13]Dit het aand geword en dit het môre geword. Dit was die derde dag.

[14]Toe het God gesê: “Laat daar ligte wees aan die hemelgewelf om dag en nag van mekaar te skei. Hulle moet ook as tekens dien om seisoene, dae en jare aan te dui. [15]Hulle moet ligte wees aan die hemelgewelf om op die aarde lig te gee.” So het dit gebeur. [16]God het die twee groot ligte gemaak, die grootste om bedags te heers en die kleiner lig om snags te heers, en ook die sterre. [17]God het hulle in die hemelgewelf geplaas om op die aarde lig te gee, [18]om oor dag en nag te heers en om lig en donker van mekaar te skei. En God het gesien dit is goed. [19]Dit het aand geword en dit het môre geword. Dit was die vierde dag.

[20]Toe het God gesê: “Laat die waters krioel van lewende wesens, en laat daar voëls onder die hemelgewelf oor die aarde vlieg.” [21]God het die groot seediere geskep en al die ander lewende wesens waarvan die waters krioel, almal na hulle aard; ook al die voëls na hulle aard. En God het gesien dit is goed. [22]Toe het God hulle geseën: “Wees vrugbaar, word baie en bewoon al die waters van die see. En laat die voëls baie word op land.” [23]Dit het aand geword en dit het môre geword. Dit was die vyfde dag.

[24]Toe het God gesê: “Laat die aarde lewende wesens voortbring, elkeen na sy aard: mak diere, diere wat kruip, wilde diere, elkeen na sy aard.” So het dit gebeur. [25]God het die wilde diere op die aarde gemaak, elkeen na sy aard; ook die mak diere, elkeen na sy aard; en ook al die diere wat kruip, elkeen na sy aard. En God het gesien dit is goed. [26]Toe het God gesê: “Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip.” [27]God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep. [28]Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: “Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip.” [29]Verder het God gesê: “Let op! Ek gee aan julle al die plante wat saad gee op die hele aarde; ook al die bome wat vrugte dra en saad gee. Dit sal julle kos wees. [30]Maar aan die wilde diere op die aarde en aan die voëls in die lug en aan die diere wat op die aarde kruip, aan alles wat leef, gee Ek al die groen plante as kos.” So het dit gebeur. [31]Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed. Dit het aand geword en dit het môre geword. Dit was die sesde dag.

GENESIS 2

[1]Die hemel en alles daarin is voltooi en ook die aarde en alles daarop. [2]Op die sewende dag was God reeds klaar met die skeppingswerk en het Hy gerus na al die werk wat Hy gedoen het. [3]Hy het die sewende dag as gereelde rusdag geheilig, want op daardie dag het Hy gerus na al die skeppingswerk wat Hy gedoen het.

[4]Dit dan is die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle geskep is.

1.2 Inleiding: In die begin

Die Bybel begin nie met 'n verduideliking van wie God is, waar Hy vandaan kom of hoe Hy ontstaan het nie. Dit begin met 'n geloofsverklaring: “In die begin het God die hemel en die aarde geskep.” (Genesis 1:1).

Die eerste woorde van die Bybel plaas God in die middelpunt van die skepping. Die wêreld is nie bloot die gevolg van toeval, chaos of die optrede van verskillende gode nie. Die skepping behoort aan God, ontvang sy bestaan van Hom en staan onder sy heerskappy.

Die skeppingsverhaal wil ons daarom nie net iets oor die oorsprong van die heelal vertel nie. Dit wil ons help om te verstaan wie God is, wie ons as mense is en hoe ons teenoor die skepping behoort te leef.

Wanneer ons Genesis 1 lees, moet ons onthou dat ons 'n antieke teks lees wat in 'n ander kultuur en wêreldbeskouing ontstaan het. Ons moet dus vra: Wat wou hierdie verhaal aan die eerste hoorders kommunikeer? Watter geloofswaarhede dra dit oor? En hoe help hierdie waarhede ons om vandag in God se wêreld te leef?

Doel van die Bybelstudie: Om die boodskap van Genesis 1:1–2:4a te verstaan en te ontdek hoe ons geloof in God as Skepper ons verstaan van die mens, die natuur, wetenskap en ons verantwoordelikheid teenoor die wêreld beïnvloed.

1.3 Die sewe skeppingsdae

Die skeppingsverhaal is sorgvuldig opgebou rondom ses dae van skeppingswerk en 'n sewende dag van rus. Die herhaling van woorde soos “Toe sien God dat dit goed is” en “Dit was aand en dit was môre” gee aan die verhaal sy ritme en struktuur.

Dag 1 — Lig en duisternis

Dag 2 — Die hemelgewelf (skei waters in die Lug van die op die aarde)

Dag 3 — See, land en plantegroei

Dag 4 — Son, maan en sterre

Dag 5 — Seediere en voëls

Dag 6 — Landdiere en die mens

Dag 7 — God het gerus van sy skeppingswerk en was ingenome met sy skepping

'n Belangrike waarneming: Die verhaal volg 'n herkenbare patroon:

- Dae 1–3: God bring orde en skep ruimtes.
- Dae 4–6: God vul hierdie ruimtes met ligte, diere en mense.
- Dag 7: God rus en heilig die dag.

Hierdie patroon wys dat die verhaal nie sommer 'n lukrake lys van skeppingsgebeure is nie. Dit is 'n doelbewus opgeboude geloofsverklaring oor God se ordenende en lewegewende werk. Let ook daarop dat Genesis 1:31 sê dat God alles wat Hy gemaak het, as baie goed beoordeel. Die skepping is nie boos of waardeloos nie. Dit is God se goeie skepping.

1.4 Die oorsprong van die skeppingsverhaal

Om Genesis 1 behoorlik te verstaan, moet ons vra na die wêreld waarin die verhaal ontstaan en oorgelewer is. Die eerste hoorders het nie in 'n moderne wetenskaplike wêreld geleef nie. Hulle het in 'n antieke wêreld gewoon waarin mense hulle bestaan, die natuur, die hemelliggame en die magte wat hulle omring het, probeer verstaan het.

Die Israeliete het tussen volke van die antieke Nabye Ooste gewoon, onder andere die Babiloniërs, Assiriërs en Egiptenaars. Hierdie volke het hulle eie skeppingsverhale gehad. In sommige verhale ontstaan die wêreld deur die stryd tussen gode, en die natuurkragte word met goddelike magte vereenselwig.

'n Bekende voorbeeld is die Babiloniese skeppingsmite *Enuma Elish*, waarin die wêreldorde met 'n stryd tussen gode verbind word. Marduk en ander is hierin ‘n karakter.

Genesis 1 bied 'n opvallend ander perspektief. God hoef nie teen 'n ander god te veg om die wêreld te skep nie. Hy spreek, en dit gebeur. Die son en maan is nie gode wat aanbid moet word nie, maar deel van die skepping. Die see en die land is ook nie onafhanklike goddelike magte nie. Alles staan onder die heerskappy van die een God.

Die boodskap was daarom radikaal: Daar is een Skepper, en niks in die skepping kan sy plek inneem nie.

1.5 Outeur

Die Bybel gee nie vir ons die naam van die menslike skrywer van Genesis 1 nie. In die moderne Bybelwetenskappe word Genesis 1:1–2:4a dikwels met die sogenaamde Priesterlike tradisie verbind. Hierdie tradisie beklemtoon onder andere orde, heiligheid, seën, geslagsregisters en die betekenis van die Sabbat.

Baie Bybelwetenskaplikes verbind die finale vorm van hierdie gedeelte met die tyd van die Babiloniese ballingskap of die tyd daarna, hoewel die ouderdom en ontwikkeling van die tradisies waaruit die teks ontstaan het, steeds bespreek word.

Ons moet dus onderskei tussen die geloofsgetuienis van die teks en die historiese vrae oor die ontstaan daarvan. Ons kan nie met sekerheid al die besonderhede van die skryfproses rekonstrueer nie.

Vir die kerk is die belangrike punt dat Genesis deel geword het van Israel se geloofsgetuienis oor God. Die verhaal is bewaar en oorgelewer omdat dit vertel wie God is, aan wie die wêreld behoort en hoe God se volk hulle plek in die wêreld moet verstaan.

1.6 Die rusdag

In die Bybelse konteks (Genesis) rus God op die sewende dag, nie omdat Hy moeg was nie, maar om orde, voltooiing en heiligheid te vestig. Deur te rus, het God gewys dat die skepping "baie goed" en voltooi was. Rus was nie die afwesigheid van werk nie, maar die viering van dit wat geskep is. God het die patroon van ses dae werk en een dag rus as ’n ingeboude lewensritme vir die mensdom ontwerp. Toe die Tien Gebooie later aan die Israeliete gegee is (die Sabbat), was dit ’n radikale breuk met hul verlede as slawe in Egipte. In Egipte moes hulle 24/7 werk vir die Farao. God se opdrag om te rus, het verklaar: "Julle is nie meer slawe nie; julle is vrye mense."

Vandag leef ons in ’n kultuur wat prestasie, konstante konnektiwiteit en "besigwees" as noodsaaklik sien. Rus is egter nie ’n luuksheid nie, maar ’n biologiese en sielkundige noodsaaklikheid:

- Voorkoming van uitbranding (burnout): Die menslike liggaam en gees is nie ontwerp vir aanhoudende stres nie. Sonder rus bly die stres-hormoon kortisol hoog, wat lei tot chroniese moegheid en siekte.
- Herstel van kognitiewe funksie: Rus gee die brein kans om inligting te verwerk, herinneringe te stoor en kreatiewe oplossings te vind. Baie "aha-oomblikke" gebeur juis wanneer ons niksdoen nie.
- Menswaardigheid: Net soos in antieke tye, herinner rus ons vandag daaraan dat ons waarde nie bepaal word deur ons produktiwiteit of die grootte van ons maandelikse uitsette nie.

Daar is verskillende vorme van rus. Om bloot op die bank te lê en TV te kyk (passiewe rus) is dikwels nie genoeg om ware herstel te bring nie. Die mediese en sielkundige wetenskap identifiseer sewe vorme van rus wat die mens nodig het:

- Fisieke rus: Kan passief wees (slaap, middagslapies) of aktief (joga, strekoefeninge, massering om sirkulasie te verbeter).
- Geestelike/Mentale rus: Om jou brein af te skakel van dink, beplan en probleemoplossing. Dit behels kort breuke deur die dag om jou gedagtes te vestig.
- Sensoriese rus: Die afskakel van stimulasie – selfone, skerms, harde geluide, agtergrondgeraas en helder ligte wat ons sensors oorlaai.
- Kreatiewe rus: Om jouself toe te laat om skoonheid te ervaar (soos om in die natuur te loop of kuns te geniet) sonder die druk om self iets te moet skep of produseer.
- Emosionele rus: Die vryheid om outentiek te wees en op te hou om mense te probeer tevrede stel. Dit beteken om te kan sê: "Ek is nou self broos/moeg."
- Sosiale rus: Om jouself te omring met mense wat jou energie gee en opbou, in plaas van mense wat jou energie tap (die onderskeid tussen positiewe verhoudings en sosiale verpligtinge).
- Spirituele rus: Die diep konneksie met iets groter as jouself – die belewenis van liefde, aanvaarding, gebed, meditasie en die vind van doel en behoort.

1.7 Gaan dit oor die spesifieke dag of die inhoud/betekenis?

Hierdie is ’n eeue-oue debat, maar vanuit ’n teologiese en praktiese oogpunt lê die swaartepunt by die inhoud en betekenis, eerder as die rigiede wet van ’n spesifieke 24-uur-periode.

- Die Joodse vs. Christelike tradisie: Vir die Jode is die Sabbat spesifiek die sewende dag (Saterdag). Die vroeë Christene het egter op die eerste dag van die week (Sondag) begin bymekaarkom om die opstanding van Jesus te vier. Dit wys dat die fokus verskuif het van die kalenderdag na die betekenis daarvan.
- Jesus se perspektief: Jesus het self die rigiede reëls van Sy tyd uitgedaag toe Hy gesê het: "Die Sabbat is gemaak vir die mens, en nie die mens vir die Sabbat nie" (Markus 2:27). Die dag is daar om die mens te dien en lewe te gee, nie om ’n swaar wetlike las te wees nie.
- Die beginsel van "Sabbat": Of dit nou ’n Saterdag, ’n Sondag, of (vir skofwerkers en mediese personeel) ’n Dinsdag is – die kern gaan oor die opsetlike afsondering van tyd. Dit gaan oor die daad om op te hou werk (shabbat beteken letterlik "om op te hou"), te vertrou dat die wêreld sonder jou sal aanhou draai, en jou siel te voed.

1.8 Hoe moes die eerste hoorders die verhaal verstaan?

Die eerste hoorders sou die verhaal binne hulle eie historiese en kulturele omstandighede gehoor het. Ons kan nie met sekerheid bepaal hoe elke hoorder dit verstaan het nie, maar die teks se struktuur en teologiese boodskap help ons om die bedoeling daarvan te verstaan.

Die verhaal verkondig dat God alleen die Skepper is. Die natuur is nie 'n versameling gode wat die mens moet paai of vrees nie. Die skepping is onder God se gesag. Dit sou vir Israel 'n belangrike geloofsbelydenis gewees het, veral wanneer hulle tussen volke geleef het wat ander gode aanbid het.

Genesis begin met 'n aarde wat woes en leeg is, met duisternis oor die wêreldvloed (Genesis 1:2). God bring orde deur te spreek, te skei, te benoem en ruimtes vir lewe te skep. Die herhaling van God se skeppingswoorde beklemtoon dat die skepping nie buite sy beheer staan nie. God is nie 'n mag wat deur chaos oorwin kan word nie. Hy bring orde en maak lewe moontlik.

In Genesis 1:26–28 word die mens na die beeld van God geskep. Dit onderskei die mens van die ander lewende wesens, maar plaas die mens terselfdertyd onder God se gesag. In die antieke wêreld is konings soms as beelde of verteenwoordigers van 'n god beskou. Genesis brei die gedagte van God se beeld uit na die mensdom: man en vrou word na God se beeld geskep. Menswaardigheid is dus nie net die voorreg van konings, magtiges of bevoorregtes nie.

Die herhaalde uitspraak dat God sien dat dit goed is, bereik sy hoogtepunt wanneer God alles wat Hy gemaak het as baie goed beoordeel (Genesis 1:31). Die wêreld is nie iets waaruit ons bloot moet probeer ontsnap nie. Dit is God se skepping, wat versorging, verantwoordelike gebruik en dankbaarheid verdien.

Die eerste hoorders is nie noodwendig besig om moderne vrae oor sterrestelsels, geologiese tydperke of biologiese evolusie te stel nie. Hulle leef binne 'n wêreld waarin die betekenis van die natuur, die gesag van gode en die plek van mense sentrale vrae is. Genesis antwoord hierdie vrae deur God se skeppingsmag, die goedheid van die skepping, die waardigheid van die mens en die heiligheid van rus te verkondig.

Dit beteken nie dat ons vandag geen vrae oor die fisiese oorsprong van die heelal mag vra nie. Dit beteken wel dat ons die soort vraag wat die Bybelteks beantwoord, ernstig moet opneem voordat ons dit met moderne wetenskaplike vrae vergelyk.

1.9 God die Skepper

Die eerste hoofstuk van Genesis leer ons nie net dat God geskep het nie, maar ook iets oor die aard van God.

Die uitdrukking “Toe het God gesê” kom herhaaldelik voor. God se woord is doeltreffend: Hy spreek, en die skepping kom tot stand. Hierdie gedagte herinner ons aan God se gesag en betroubaarheid. God is nie magteloos teenoor die wêreld nie. Hy is die Een aan wie die wêreld sy bestaan te danke het. Die Nuwe Testament sluit hierby aan wanneer Johannes 1:1–3 oor die Woord getuig deur wie alles ontstaan het. Christene verstaan hierdie getuienis in die lig van Jesus Christus, die ewige Woord van God.

Genesis onderskei tussen God en die wêreld. God is nie bloot 'n krag in die natuur of 'n ander naam vir die heelal nie. Hy is die Skepper; die wêreld is sy skepping. Dit beteken dat ons God nie tot 'n natuurverskynsel kan beperk nie. Ons aanbid nie die son, die sterre, die aarde of die menslike vermoë nie. Ons aanbid die God aan wie alles behoort.

Die skepping is nie waardeloos omdat dit materieel is nie. Die aarde, diere, plante, water en menslike liggame behoort tot God se goeie skepping. Dit het belangrike implikasies vir ons geloof. Ons kan ons nie op ons geloof beroep om die natuur roekeloos te behandel of ander mense se menswaardigheid te ontken nie. Die skepping se goedheid beteken egter nie dat alles in ons huidige wêreld sonder gebrokenheid is nie. Genesis 3 vertel van die sondeval en die versteuring van die verhouding tussen God, mens en skepping. Ons moet dus die oorspronklike goedheid van die skepping onderskei van die wêreld soos ons dit nou ervaar.

Die Bybel se getuienis oor God eindig nie by die begin van alles nie. God bly betrokke by sy skepping. Hy gee lewe, onderhou die wêreld en roep mense om verantwoordelik

daarin te leef. Ons is daarom nie die absolute eienaars van die aarde nie. Ons ontvang dit as 'n gawe en het 'n verantwoordelikheid om dit te bewaar.

Om in God as Skepper te glo, beteken nie net om te bely dat God lank gelede iets gedoen het nie. Dit beteken om vandag in afhanklikheid van Hom te leef, sy gawes met dankbaarheid te ontvang en verantwoordelik met sy wêreld om te gaan.

1.10 Wat beteken die skeppingsverhaal vir ons vandag?

Genesis 1 is 'n antieke geloofsgetuienis, maar die boodskap daarvan bly relevant. Dit help ons om ons plek in die wêreld te verstaan en gee rigting aan ons geloof, waardes en optrede.

Ons is nie die uiteindelike eienaars van die aarde nie. Die wêreld behoort aan God. Dit vra van ons 'n gesindheid van dankbaarheid en nederigheid. Wanneer ons die natuur, ons liggame, ons verhoudings en ons lewensgeleenthede as gawes ontvang, verander dit ons perspektief. Ons vra nie net: “Wat kan ek hieruit kry?” nie, maar ook: “Hoe kan ek dit verantwoordelik gebruik?”

As alle mense na die beeld van God geskep is, kan menswaardigheid nie afhanklik wees van iemand se ouderdom, gesondheid, ras, geslag, ekonomiese posisie of vermoëns nie. Dit raak ons optrede teenoor armes, kinders, bejaardes, mense met gestremdhede en almal wat deur die samelewing uitgesluit word. Die kerk se bediening behoort daarom 'n ruimte te wees waar mense nie eers hulle waarde hoef te bewys voordat hulle aanvaar en gerespekteer word nie.

Genesis 1:28 gee aan die mens die opdrag om oor die aarde en die diere te heers. Hierdie opdrag mag nie losgemaak word van die feit dat God die Skepper is en dat die skepping goed is nie. Heerskappy beteken nie dat die mens die aarde na willekeur mag uitbuit nie. Dit beteken dat die mens binne God se orde verantwoordelikheid ontvang. Genesis 2:15, wat vertel dat die mens die tuin moes bewerk en oppas, versterk hierdie verantwoordelikheid. Die mens se taak is nie bloot om die aarde te gebruik nie, maar om dit te versorg.

Die sewende dag herinner ons dat ons waarde nie uitsluitlik bepaal word deur ons produktiwiteit nie. Ons leef in 'n samelewing waarin mense dikwels gemeet word aan wat hulle bereik, verdien en besit. Genesis herinner ons dat rus, aanbidding, verhoudings en tyd saam met God ook deel van die lewe is waarvoor ons geskep is.

Die Bybel se verhaal eindig nie by Genesis 1 nie. Die skepping word deur sonde en gebrokenheid geraak, maar God laat sy wêreld nie vaar nie. Die Bybel vertel van God se verlossingswerk en die hoop op 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde (Openbaring 21:1–5). Ons geloof in die Skepper is dus ook 'n geloof in God se trou: die God wat lewe gee, is die God wat verlos en herstel.

1.11 Skepping en evolusie

Een van die belangrikste vrae wat mense vandag oor Genesis 1 vra, is hoe die skeppingsverhaal met die wetenskap, en veral met evolusie, verband hou. Dit is 'n belangrike gesprek, want Christene wil die Bybel ernstig opneem én eerlik wees oor wat wetenskaplike ondersoek ons leer.

Evolusie is die wetenskaplik goed ondersteunde verklaring vir die verandering van lewende bevolkings oor geslagte heen en vir die verwantskap tussen verskillende lewensvorme. Bewyse kom onder andere uit fossiele, genetika, vergelykende anatomie en die waarneming van evolusionêre verandering.

Die wetenskaplike konsensus is dat die aarde ongeveer 4,54 miljard jaar oud is en dat die verskeidenheid van lewe deur lang prosesse van evolusie ontwikkel het. Mense en ander lewende organismes deel gemeenskaplike voorouers.

Hierdie bevindings beantwoord vrae oor die geskiedenis en ontwikkeling van die natuurlike wêreld. Wetenskap kan ondersoek hoe prosesse plaasgevind het, maar die vraag na die uiteindelike betekenis van die bestaan en die verhouding tussen God en die skepping is nie bloot 'n laboratoriumvraag nie.

Christene verskil oor hoe Genesis 1 met die wetenskaplike beskrywing van die geskiedenis van die heelal en lewe verbind moet word. Daar is nie net een Christelike standpunt oor die ouderdom van die aarde of die interpretasie van die skeppingsdae nie. Drie breë benaderings word dikwels onderskei:

- Jong-aarde-skeppingsleer: Hierdie benadering verstaan die ses skeppingsdae as ses gewone dae en beskou die aarde as relatief jonk. Voorstanders meen dat hierdie uitleg die mees getroue verstaan van die teks is.
- Ou-aarde-skeppingsleer: Hierdie benadering aanvaar dat die heelal en aarde baie oud is, maar beklemtoon dat God doelbewus geskep het. Voorstanders verskil onderling oor hoe die skeppingsdae en die ontwikkeling van lewe verstaan moet word.
- Teïstiese evolusie of evolusionêre skepping: Hierdie benadering aanvaar die wetenskaplike getuienis vir evolusie en verstaan evolusie as verenigbaar met God se skeppingswerk. God word nie as 'n mededinger van natuurlike prosesse beskou nie, maar as die Skepper van die wêreld waarin hierdie prosesse plaasvind.

Hierdie benaderings verskil wesenlik. Dit is belangrik om nie voor te gee dat hulle almal dieselfde sê nie. Dit is ook belangrik om nie sonder meer te beweer dat elke Christen wat evolusie aanvaar, die Bybel verwerp, of dat elke Christen wat 'n letterlike sesdaagse skepping aanvaar, wetenskap verwerp nie.

1.12 Kerngedagtes

Genesis 1 is nie geskryf as 'n moderne handboek oor geologie, sterrekunde of biologie nie. Die teks wil in die eerste plek verkondig dat God die Skepper is, dat die wêreld aan Hom behoort, dat die skepping goed is en dat die mens 'n besondere roeping ontvang het. Dit beteken nie dat die Bybel niks oor die werklikheid sê nie. Dit beteken dat ons die aard en doel van die teks moet respekteer wanneer ons dit lees. Die vraag is dus nie bloot: “Hoe pas elke skeppingsdag by 'n wetenskaplike tydlyn in?” nie. Ons moet ook vra: “Wat wil hierdie teks ons leer oor God, die skepping en ons plek daarin?”

'n Gesonde gesprek behoort ruimte te laat vir deeglike Bybelstudie, eerlike wetenskaplike ondersoek en nederigheid waar Christene verskil. Ons moet die onderskeid tussen geloofsuitsprake en wetenskaplike verklarings verstaan, sonder om hulle onnodig teen mekaar af te speel.

Die belydenis dat God die Skepper is, antwoord die vraag aan wie die wêreld sy bestaan te danke het. Die wetenskap ondersoek die waarneembare prosesse waardeur die natuurlike wêreld ontwikkel het. Hoe hierdie twee perspektiewe presies met mekaar verbind word, is 'n vraag waaroor gelowiges verantwoordelik moet nadink.

Ons hoef nie bang te wees vir eerlike vrae nie. Ons moet egter ook versigtig wees om nie ons eie interpretasie van Genesis met die enigste moontlike Christelike uitleg te vereenselwig nie.

1.13 Na die beeld van God geskape

Lees Genesis 1:26–28 weer stadig. Dit is een van die belangrikste gedeeltes in die Bybel se verstaan van die mens. God sê: “Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis.” Daarna vertel die teks dat God die mens na sy beeld geskep het, man en vrou. Wat beteken hierdie beeldspraak?

Die teks sê nie dat God fisiek soos 'n mens lyk nie. Die beeld van God moet eerder verstaan word in terme van die mens se verhouding met God en die mens se roeping binne die skepping. Die Bybel beskryf God as Gees (Johannes 4:24). Ons moet daarom nie die beeld van God bloot as 'n fisieke ooreenkoms verstaan nie.

Die mens se waarde berus nie op prestasie, intelligensie, gesondheid of sosiale status nie. Dit berus op God se skeppingsbedoeling. Dit is 'n diepgaande grondslag vir die Christelike verstaan van menswaardigheid. Niemand is minder menswaardig omdat hulle oud, siek, arm of afhanklik van ander is nie.

In die antieke wêreld is konings soms as verteenwoordigers van hulle gode beskou. Genesis gee egter aan die mensdom as geheel 'n besondere roeping. Mense moet

God se heerskappy in die skepping weerspieël. Ons behoort daarom op 'n manier te leef wat iets van God se geregtigheid, trou, sorg en goedheid sigbaar maak. Dit beteken dat ons nie die aarde mag behandel asof dit uitsluitlik aan ons behoort nie. Ons is verantwoordelike verteenwoordigers, nie die uiteindelike Eienaars nie.

Die mens leef in verhouding met God, met ander mense en met die res van die skepping. Die feit dat God die mens as man en vrou skep, wys dat menswees nie in isolasie verstaan moet word nie. Ons het mekaar nodig. Ons ontvang die verantwoordelikheid om saam te leef, mekaar te respekteer en gemeenskappe te vorm waarin mense kan floreer. Dit beteken nie dat elke mens se lewensomstandighede of verhoudings dieselfde moet lyk nie. Dit beteken wel dat niemand buite God se sorg en die menslike gemeenskap se verantwoordelikheid geplaas behoort te word nie.

Om na God se beeld geskep te wees, is nie net 'n voorreg nie. Dit is ook 'n opdrag. Ons word geroep om in ons alledaagse lewe iets van God se karakter sigbaar te maak. Dit gebeur wanneer ons regverdig optree, die weerloses beskerm, die waarheid praat, versoening soek en die skepping versorg. Die Nuwe Testament verbind hierdie roeping met die nuwe lewe in Christus. Kolossense 3:10 praat van die nuwe mens wat vernuwe word na die beeld van sy Skepper. Die beeld van God herinner ons dus aan wie ons is, maar ook aan die soort mense wat ons geroep word om te wees.

Samevatting

Genesis 1:1–2:4a nooi ons om met nuwe oë na God, onsself en die wêreld te kyk.

- God is die Skepper: Die wêreld is nie sy eie uiteindelike oorsprong nie, maar behoort aan God.
- Die skepping is goed: Die natuurlike wêreld het waarde en verdien verantwoordelike versorging.
- Die mens is na God se beeld geskep: Elke mens het waardigheid en ontvang 'n roeping.
- Die mens is verantwoordelik: Ons moet God se wêreld bewoon en gebruik op 'n manier wat sy bedoeling daarmee respekteer.
- Rus is heilig: Ons is nie net geskep om te werk nie, maar ook om te rus en ons lewe op God te rig.
- Geloof en wetenskap vra verantwoordelike gesprek: Ons moet die Bybel se teologiese boodskap ernstig opneem en eerlik omgaan met wetenskaplike kennis.
- God laat sy skepping nie vaar nie: Die verhaal van die skepping staan aan die begin van die groter Bybelse verhaal van sonde, verlossing en herskepping.

Die skeppingsverhaal vra uiteindelik meer as dat ons moet saamstem oor hoe die wêreld begin het. Dit vra dat ons ons lewe sal rig op die God aan wie alles behoort.

Vrae vir groepbespreking

VRAAG 1: Waarom begin die Bybel met die woorde: “In die begin het God die hemel en die aarde geskep”?

VRAAG 2: Wat is die belangrikste verskil tussen Genesis 1 en die skeppingsverhale van sommige antieke volke?

VRAAG 3: Waarom is die sewe-dae-struktuur belangrik?

VRAAG 4: Wat beteken dit prakties dat God die Skepper en Onderhouer van alles is?

VRAAG 5: Wat beteken dit dat die mens na die beeld van God geskep is?

VRAAG 6: Hoe behoort Genesis 1 ons optrede teenoor armes, bejaardes, kinders en weerlose mense te beïnvloed?

VRAAG 7: Beteken die opdrag om oor die aarde te heers dat ons die natuur na willekeur mag gebruik?

VRAAG 8: Waarom is die sewende dag se rus belangrik vir mense wat vandag voortdurend besig is?

VRAAG 9: Is geloof in God as Skepper noodwendig onversoenbaar met evolusie?

VRAAG 10: Wat is die verskil tussen die vraag “Hoe het die lewe ontwikkel?” en die vraag “Wie is die Skepper?”

VRAAG 11: Wat leer Genesis 1 ons oor die verhouding tussen God, die mens en die natuur?

VRAAG 12: Watter een ding kan ons hierdie week doen om ons geloof in God as Skepper prakties uit te leef?

Konsepantwoorde

VRAAG 1: Die Bybel plaas God in die middelpunt van die werklikheid. Alles wat bestaan, behoort aan Hom. Ons lewe ontvang betekenis binne ons verhouding met die Skepper.

VRAAG 2: Genesis verkondig een God wat sonder 'n stryd teen ander gode skep. Die natuur is nie 'n versameling gode nie, maar God se skepping.

VRAAG 3: Dit gee orde aan die verhaal. God vorm en vul die skepping gedurende die eerste ses dae en rus op die sewende dag. Die patroon beklemtoon orde, voltooiing en die heiligheid van rus.

VRAAG 4: Ons leef in afhanklikheid van God. Ons ontvang die wêreld as 'n gawe en moet dit met dankbaarheid, nederigheid en verantwoordelikheid hanteer.

VRAAG 5: Elke mens het besondere waardigheid en word geroep om God se karakter en heerskappy in die wêreld te weerspieël. Dit sluit verantwoordelikheid teenoor ander mense en die skepping in.

VRAAG 6: Ons moet elke mens met waardigheid behandel. Menswaardigheid berus nie op prestasie, ouderdom, gesondheid of besittings nie, maar op God se skeppingsbedoeling.

VRAAG 7: Nee. Ons heers onder God se gesag. Ons moet die aarde verantwoordelik gebruik en versorg, eerder as om dit roekeloos uit te buit.

VRAAG 8: Dit herinner ons dat ons waarde nie net in ons werk of prestasies lê nie. Rus, aanbidding, verhoudings en tyd saam met God is deel van 'n gesonde lewe.

VRAAG 9: Nie vir alle Christene nie. Sommige verwerp evolusie as verklaring vir die ontstaan van lewe, terwyl ander evolusie aanvaar as verenigbaar met God se skeppingswerk. Christene verskil oor hoe Genesis en wetenskap met mekaar verbind moet word.

VRAAG 10: Die eerste vraag ondersoek die natuurlike prosesse en geskiedenis van lewe. Die tweede handel oor die uiteindelike oorsprong, betekenis en afhanklikheid van die werklikheid. Die vrae hou verband, maar is nie identies nie.

VRAAG 11: God is die Skepper, die mens is sy beeld en verteenwoordiger, en die natuur is God se goeie skepping. Die mens moet daarom in verantwoordelike verhouding met God, ander mense en die natuur leef.

VRAAG 12: Dit kan wees om iemand se menswaardigheid doelbewus te respekteer, 'n weerlose persoon te help, 'n natuurlike hulpbron verantwoordelik te gebruik, tyd vir rus en gebed te maak, of God bewustelik vir sy gawes te dank.

Aanbevole leeswerk

Vir verdere verdieping in die Bybelstudie kan die volgende bronne nuttig wees:

- Genesis 1–3: Die skepping, die mens se roeping en die sondeval.
- Psalm 8: Die mens se plek en verantwoordelikheid binne God se skepping.
- Psalm 104: God se sorg vir die natuurlike wêreld.
- Johannes 1:1–14: Christus, die Woord deur wie alles ontstaan het.
- Kolossense 1:15–20: Christus se verhouding tot die hele skepping en God se versoeningswerk.
- Openbaring 21:1–5: Die hoop op God se nuwe skepping.

Hierdie tekste help ons om Genesis 1 nie as 'n losstaande verhaal te lees nie, maar as die begin van die Bybel se groter getuienis oor God se skeppingswerk, sy verhouding met mense en sy bedoeling om die skepping te herstel.